Welkom by Ardenbeg Stapelhuis en Buitelug Sentrum

Ardenbeg is n fantastiese selfsorg Skotse hostel in Grantown On Spey, spesifiek vir maklik-toereikbare buitelug aktiwiteite en Highland ontdekkings ingerig.

Gerieflike toegang

Ardenbeg is slegs 40 minute van Inverness Lughawe en tussen 2-3 ure van al die ander Skotse Lughaws (Aberdeen, Edinburgh, Glasgow en Prestwick). Verder is daar ook 'n bus vanaf Inverness Lughawe tot in Inverness Stad en gereelde dienste vanaf Inverness tot in Grantown on Spey. Sodoende kan jy gemaklik en teen bekostigbare pryse na Ardenbeg toer.

'n Stapelhuis wat ver bo jou verwagtinge uitstyg!

Ardenbeg het twee selfsorg stapelhuise, sleg minute se stap van die Hoofstraat waar jy n Supermark, verskeie geskenkwinkels, kos en wegneem-etes en verskeie kroeë en restourante sal vind.

In die laer stapel eenhede slaap 14 persone in 'n kamer vir 8 en 'n kamer vir 6. Dit het 'n toegerusde kamer, 'n droogmaak kamer met n wasmasjien en ook 'n betaal telefoon in. In die boonste stapel eenhede slaap 10 persone in 'n kamer vir 6 en 'n kamer vir 4. Beide boonste- en laer eenhede het sentrale kosmaak- en eet areas, wat as 'n briljante sosialiseringsarea dien. Verder is elke kamer ook met sy eie stort/badkamer toegerus.

Bring gerus jou eie slaapsak of huur een by Ardenbeg. Verder sluit dit alles soos eetgerei, kookware en ketel ens. in. £11.50 per persoon per nag verseker jou n plek in Ardenbeg, waar vroeër inwoners wat weer daar kom bly, afslag geniet. Vir groepe is daar 'n minimum koste vir die eksklusiewe gebruik van die stapel eenheid wat 75% van die volle inwoningskoste is.

Die geleentheid om verskillende aktiwiteite te beoefen:

Om by Ardenbeg te bly, verseker jou vinnige en gerieflike toegang tot buitelug aktiwiteite, aangesien dit in die Cairngorms Nasionale Park geleë is. Dus kan jy by verskeie geleenthede die pragtige bergreeks landskap van die Highlands verken.

Sport aktiwiteite:

- Rotsklim

Rotsklim is dwars deur die jaar moontlik en is net so lekker gedurende die somer as die winter. Rondom Grantown is daar genoeg rots wat almal van beginner tot die professionele rotsklimmer sal geniet!

- Kayak and Kanoery

Ons plaaslike riviere bied elkeen sy eie uitdaging met verskillende pedaaltrap kondisies met die klassieke pedaaltrap of die pretbote op die Spey en ander riviere.

- Hoogland Stap
Stap in Skotland is beide winter en somer bekend. Cairngorms Berge, slegs 35 minute Suid-Oos van Ardenberg, is die ideale plek om jou staptoer mee te begin.

- Ski en Snowboarding
Ardenbeg is slegs 35 minute van beide Die Lecht en Cairngorm Ski-areas af, wat jou die beste van albei in Skotland gee.

- Fiets- en bergfiets ry
Ardenbeg is die ideale plek om die Spey vallei te begin verken en watter beter manier om dit te doen as om fiets te ry, op of af van die pad af. Woude met rybare padjies is volop en die area is ook n oefengrond vir van Skotland se top ryers. Verder bied bergfiets ry jou n fantastiese en tegniese belewenis deur die plaaslike woude en verskeie klein padjies.
- Gholf
Rondom Ardenberg sal jou verskeie Gholbane vind waar jy jou gunsteling sport in n wonderlike atmosfeer kan beoefen (Grantown On Spey, Nethy Bridge, Carrbridge, Newtonmore, Kingussie…)

Ontspannende Aktiwiteite:

- Visvang
Die Spey rivier is 15 minute stapafstand van Ardenbeg en ook die ideale plek om jou passie vredevol uit te leef.
- Wildlewe Ontdekking
Die Highland wildlewe kan deur die Cairgorm Takbok trop aan die voet van die Cairgorms; die dolfyne aan die Moray kus by Fort George; die visarende by die Boat of Garten of deur een van die Highland se wildlewe parke by Feshie Bridge – op die Black Isle of by Tomatin – ontdek word.
- Stoomtrein
Ons plaaslike aanloklikhede sluit ook die Strathspey Stoomtrein in, wat van Aviemore tot Boat Garten loop. Sodoende ontdek jy al die dorpies.

Kultuur aktiwiteit:

- Die Whisky Roete
Die Whiskey roete bied jou die geleentheid om van die distillerye te besoek en ook meer oor die produksie van Skotse Whiskey te leer.
- Highland Spele
Gedurende Julie en Augustus is Grantown On Spey slegs een van vele dorpies wat jaarlikse byeenkomste reël. Dus stel dit jou in staat om tradisionele Skotse spele te ervaar.
- Museums
Museums wat die Highland storie verklap, is rondom die plaaslike area van Grantown On Spey, Duftown, Tomintoul, Strathpeffer, Newtonmore en Kingussie, versprei.
- Kastele
Menige kastele is binne maklik-toereikbare afstand van Ardenbeg; Balmoral, Lochindorb, Urquart, Stuart, Huntley, Braemar, Cawdor, Ballindalloch en Grant is plaaslik genoeg om deel van jou dag uit te vorm.

Instruksies en huur van toerusting

As jy graag ‘n nuwe aktiwiteit wat deur Ardenbeg aangebied word, wil leer, kan jy deur een van ons gekwalifiseerde instrukeurs dwarsdeur die jaar bygestaan word. Ons kan jou ook met die nodige toerusting voorsien.

Ardenbeg stel die volgende aktiwiteite voor:

- Stap
- Rotsklim
- Ski
- Kanoery
- Kayak
- Bergfiets ry
- En Oriëntering

Pryse vir ons instruksies en huur van toerusting, is op die prys bladsy beskikbaar.